Kom sonskyn of reën, Heilbron gaan nêrens heen

Hoërskool Heilbron het die week van 16 April 2018 met 'n *bang* afgeskop. Vanaf 18 tot 20 April het die skool se tweejaarlikse revue gesorg dat Heilbronners en die gemeenskap die skoolsaal vol sit.

Dit was 'n fees vir die kinders wat na al die harde oefening uiteindelik in hul kleurvolle uitrustings op die verhoog kon rond dans. Die tema van hierdie jaar se revue was "Kom sonskyn of reën, Heilbron gaan nêrens heen". Op tafels dans, sambrele swaai en die onnies wat storms oproep met hul HAKA was die revue 'n reuse sukses. Leerders van graad R tot 12 het aan die revue deelgeneem en gesorg vir lekker vermaak aan die gehoor.

Die program het uit 33 liedjies bestaan, waarvan al die liedjies iets te doen gehad het met die verskillende weersomstandighede en selfs wat mens in die spesifieke weersomstandighede kan doen. Die liedjies het baie mooi by die tema aangesluit.

Juffrou Sunelle van Heerden was die hooforganiseerder van die revue. Die ander onnies was elk by een van die nege groepe ingedeel wat dus bygedra het met afrigting en administrasie.

Marisa Muller en Tanya Claassen was twee buite-afrigters wat ook groot bydrae tot die revue gelewer het.

Heilbron sien uit na die volgende een!

Foto erkenning: André Pretorius Fotografie